Ark Blitz

Ps 16:5

Les 27 – ONS GEE OM

Maats lees: Lev 25:1-42

In die tyd van die Ou Testament het die Here sy kinders geleer dat Hy hulle land vir hulle gegee het. Hulle kon daar leef en daar werk en die grond gebruik, maar dit het steeds aan Hom behoort. Daarom het Hy vir hulle reëls gegee oor hoe hulle die grond moes gebruik. Vandag gaan ons hierna kyk In die Bybelse tyd was daar nog nie iets soos kunsmis nie. Die Here het toe bepaal dat die grond elke sewende jaar nie gebruik mag word nie. Miskien het hulle ook die plante wat vanself opgekom het in die grond teruggeploeg as kos vir die nuwe plante, of dalk net die grond laat "rus". Wanneer die Here se kinders dit gedoen het, het hulle gewys die grond behoort in werklikheid aan die Here. Hy weet wat goed en sleg is vir die grond én vir die mense wat oeste uit die grond moet haal. In die sesde jaar, so het die Here belowe, sou Hy vir hulle genoeg gee sodat hulle ook in die sewende jaar daarvan kon leef (25:20-22). Wanneer die grond rus, rus die werkers ook. Dink julle dit sou lekker gewees het om elke sewende jaar 'n rusjaar te hê? 'n Rusjaar beteken egter nie ons kan duur vakansies hou of avonture beleef nie, want ons sal spaarsamig moet leef. Dit beteken wel ons sal nie so hoef rond te jaag nie. Ons sal nie so hard hoef te werk om net nog meer geld te maak om nog meer goed te koop nie. Ons kan uit die rusjaar leer: Ons en ons werkers en selfs ons grond en diere het rus nodig. Dit is hoe die Here ons gemaak het. Miskien moet ons beplan om meer rustye in ons lewe te hê, maar dan sal ons eenvoudiger moet leef. Kom ons dink baie, baie jare terug, aan die tyd toe God se kinders, die Israeliete, slawe in Egipte was. Hulle was arm en het baie hard gewerk as die Egiptenaars se slawe. God het hulle jammer gekry en hulle bevry sodat hulle na die land Kanaän kon trek. In hierdie nuwe land het elkeen 'n stuk grond gekry waarop hulle kon boer en werk . As hulle hierdie grond later moes verkoop omdat hulle nie al hulle skuld kon betaal nie, het die koper die grond nie vir altyd gekry nie. Elke 50ste jaar het almal hulle grond teruggekry. Wanneer ouers hulle grond moes verkoop, het hulle of hulle kinders dit in die Hersteljaar teruggekry. Mense het hulle grond net verkoop totdat daar weer 'n Hersteljaar aangebreek het. Die Hersteljaar was Goeie Nuus vir almal wat arm geword het. Hulle en hulle kinders het hieroor gejubel. Daarom is dit ook die Jubeljaar of Genadejaar genoem. Vanaf die tyd dat die grond verkoop is tot met die 50ste jaar het daar ongeveer 24 jaar verloop. Hierdie persoon het dus sy grond net vir 24 jaar verkoop, nie vir altyd nie. Mense wat hulle grond moes verkoop, het dalk in hulle eie leeftyd nog 'n kans gekry om hulle grond terug te kry, anders het hulle kinders dit gekry. Dit klink na 'n wonderlike plan om mense te help om "voor te begin" op die grond wat die Here self vir hulle gegee het. Dit het die Here se kinders die woorde van Psalm 16:5 laat sing***: "Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af. 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.***" Selfs wanneer mense hulleself as slawe verkoop het, moes hulle nie soos slawe behandel word nie, maar soos gewone werkers … tot met die Hersteljaar. Hulle het daarom net hulle werk of diens verkoop. Die woord herstel beteken "om reg te maak". Ná 'n siekte kan jy weer gesond word. As iets stukkend is, kan jy probeer om dit heel te maak. Ons God is die Here wat hou van herstel. Hy maak gesond en Hy maak heel. Daarom het Hy bepaal dat elke 50ste jaar 'n Hersteljaar moes wees.